15 Junie 2026

# Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

HANDELINGE 2:21 Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal verlos word.

| PROGRAM VIR DIE WEEK | |
|---|---|
| **Maandag – 15 Junie** | • **Spesiale skoolvakansiedag** |
| **Dinsdag – 16 Junie** | • **Publieke vakansiedag (Jeugdag)** |
| **Woensdag – 17 Junie** | • Experi buddies<br>• A+ Students<br>• Super somme (graad RR)<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Ballet<br>• Little Readers |
| **Donderdag – 18 Junie** | • **TYGIELAND INSTAPPIE (graad R – Insekte)**<br>• Tygieland-koor oefening<br>• RSD (rugbyvaardighede)<br>• Hippity Hop<br>• Ballet<br>• A+ Students<br>• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy)<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Vrydag – 19 Junie** | 😍 **SNOEPIEDAG** 😍<br>• Laaste dag vir die Groot Gee (sien advertensie op bladsy 3)<br>• Gholf<br>• Voortrekkers |
| **Saterdag – 20 Junie** | • **Juffrou Chrisna verjaar! (Skapieklas)**<br>• Tygieland-koor optrede (Prestige skole koorfees) |
| **Sondag – 21 Junie** | • **Vadersdag** |

## KURRIKULUM

**GRAAD RR**

**TEMA:** Sport
Liedjie: Balle, balle, balle!
Gediggie: Coach McDougal

**GRAAD R**

**TEMA:** Sintuie: Klank, sig en voel
Liedjie: Ek is 'n skilpad
Gediggie: Sintuie

## BEELDENDE KUNS

Dit is weer tyd vir Pretoria Eisteddfod Beeldende kuns. Die **inskrywings sluit 22 Julie** om **14:00**.

➢ Volg die skakel vir **inligting** rakende die inskryf van kunswerke. Skakel

**Navrae:** Kontak mev. Cornéll van Pyper by kuns@tygerpoort.co.za of per **WhatsApp** by 082 968 2673.

## NASKOOL: VAKANSIEPROGRAM

**Vakansieprogram: 29 Junie – 17 Julie** (Naweke en openbare vakansiedae is nie ingesluit nie.)

- Die koste:
  - Gratis vir leerders wat voltyds by die naskool ingeskryf is. (Ouers moet steeds vir dié leerders 'n inskrywingsvorm vir die vakansieprogram invul.)
  - **LET WEL:** Leerders wie se **naskoolgelde agterstallig** is, sal nie die vakansieprogram kan bywoon nie.
  - **R165 per leerder per dag** vir leerders wat nie by die naskool ingeskryf is nie, asook ingeskrewe dagbesoekers.

  **Sluitingsdatum** vir inskrywings en betalings is **Dinsdag, 23 Junie. Geen laat inskrywings** sal aanvaar word nie. Leerders sal nie toegelaat word om die vakansieprogram by te woon indien hul nie teen **Dinsdag, 23 Junie** ingeskryf is nie.
- Volg die **skakel** om die Google-vorm te voltooi en in te skryf: Inskrywingsvorm

## SKOOL MET DIE GROOTSTE GEES

Hierdie jaar neem ons Tygies weer deel aan GrootFM se Skool met die Grootste Gees!

Leerders moet **Vrydag, 26 Junie** alreeds **06:15** arriveer by die skool. Tygieland kan 'n denim met die ROOI Tygieland-hempie en 'n sweetpaktop (rooi, wit, geel of swart) dra.

Ouers is welkom om deel te wees van hierdie oggend! Lekker warm koffie sal te koop wees by die luik van die Panthera. Bring u eie kampstoel, kom kamp uit en sien hoe die Tygies GEES het!

**Voorgestelde program:**

- 06:15 Leerders arriveer en beweeg na pawiljoen op die A-Rugbyveld
- 06:45 Grootste Gees program begin
- 09:00 Program eindig

Na afloop van die program beweeg leerders na hul voogklasse vir register en die afhaal van **vorderings-verslae.** Die vorderingsverslae kan tot **10:00** afgehaal word.

## OUPA-EN-OUMADAG - 7 AUGUSTUS

Ons sien baie uit na Tygieland se Oupa-en-Oumadag! Hierdie funksie word in die skoolsaal aangebied. Ons gaan die oupas en oumas met lekker sop en broodjies bederf wat in die Panthera bedien sal word. Die Tygieland-koor gaan optree en die kleuters wat nie in die koor is nie, gaan in die spreekkoor optree.

Ons is ook baie opgewonde dat **Fatman** hierdie jaar by hierdie geleentheid gaan optree. Ongelukkig kan die pa's en ma's nie ook hierdie oggend bywoon nie. Ons kan ongelukkig nie soveel mense akkommodeer nie. Laat weet solank vir die oupas en oumas om hierdie datum oop te hou.

## MBT PETROLEUM LOJALITEITSPROGRAM

Een van die skool se borge, **MBT Petroleum Lynnwood**, het 'n lojaliteitsprogram geloods waaroor ons baie opgewonde is. Die skool en u kan daarby baat. Vir elke liter brandstof wat ons as gemeenskap by hulle aankoop, kry die skool 15c en u kry ook 15c "CashBack" in hulle lojaliteitsprogram wat by hulle spandeer kan word.

U hoef niks te doen nie. U moet slegs registreer en dan by **MBT Lynnwood** brandstof ingooi. Hoe meer mense in die gemeenskap deelneem, hoe beter. Ons het reeds kaarte by die skool wat ons vir u huis toe kan stuur. Indien u belangstel om die skool op die wyse te ondersteun, volg asseblief die onderstaande skakel en vul die Google-vorm in en ons sal die kaart vir u stuur. Ons waardeer al u ondersteuning.

Dankie **MBT Lynnwood** vir julle bydrae tot ons skool se vooruitgang.

Skakel: https://forms.gle/eYaRjhDpc4WaDzCP7




Tygies se
GROOT-GEE!
1-19 Junie 2026
#SkoolMetDie
GROOTSTE
GEES
2026
Elke item maak 'n
GROOT verskil!
• Enige kinder/volwasse wintersklere en komberse
• Ten bate van Jakaranda Kinderhuis
• Mikpunt: 250 swartsakke vol skenkings!
SKENKINGS KAN VAN 1 TOT 19 JUNIE IN DIE BLOU HOUERS BY COLLEN SE HEK EN TYGIELAND SE INGANG INGEGEE WORD. ONTHOU OOK OM MET ELKE SKENKING JOU KIND SE NAAM EN GRAAD IN DIE ROOI BOKS TE GOOI VIR 'N KANS OM 'N LEKKER PRYS TE WEN.


TYGIELAND
GRAAD RR & R
Tygieland
OUPA-EN-OUMADAG
Datum: 7 Augustus 2026
Tyd: 08:30 vir 09:00
Plek: Laerskool Tygerpoort skoolsaal
Gaskunstenaar: Fatman